INLEIDING

Die unieke samestelling van die Suider-Afrikaanse samelewing uit verskillende groepe en volke en 'n verskeidenheid tale en kulture, plaas die kerk van Jesus Christus voor groot en besondere uitdagings in belang van die koninkryk van God. 1

Deur die lang jare van sy bestaan in Suider-Afrika, het die Ned Geref Kerk vanuit sy roepingsbewustheid die eise wat hierdie omstandighede aan die evangeliebediening gestel het, probeer verstaan en interpreteer. Gevolglik het hy ook intensief geworstel om aan sy bestaan as kerk en aan sy bediening van die evangelie 'n konkrete gestalte te gee wat aan die norme van die Skrif sou voldoen. 2

In die wete dat wat in die verlede ten opsigte hiervan gedoen is, wél gebrekkig en vol sondige tekortkominge was, is die Ned Geref Kerk nietemin oortuig dat alles nie betekenisloos was nie, maar die koninkryk van God tog gedien het. Die roeping om nog nader aan die Bybelse eise van kerkwees te beweeg, is vir die Ned Geref Kerk steeds 'n saak van heilige erns. En in geloofsgehoorsaamheid wil hy op dié weg voortgaan. 3